**SAWA Zuurfontein Bestuur:**

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | Ernie Janse Van Rensburg | 072 134 6024 |
| Onder-Voorsitter | Hekkie de Beer | 082 561 1621 |
| Sekretaresse & Redaksie | Isstel Broekman | 082 877 7820 |
| Penningmeester | Anita Kruger | 082 857 6657 |
| Ass Penningmeester | Alet Small | 082 490 5296 |
| Batehouer | Pierre Coetzee | 083 327 4134 |
| Ledebelang | Hannes Roets | |
| Ledebelang | Koenraad Stoltz | |


# SAWA ZUURKLONTJIE – Mei 2014

**Inspirasie vir die maand:**

*"When life knocks you down, roll over, and look at the stars"*

## ZUURKLONTJIE HOOGTEPUNTE VIR Mei 2014


| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kamp Nuus:** | Vorige Kamp – Warmbad | **Algemeen:** | Zuurklontjie Maandelikse Nuusbrief |
| | Kamp Boetes en Sterretjies | | Fondsinsameling |
| | Kamp reëlings vir 2014 | | Volgende Bestuursvergadering |
| | | | Advertensie Hoekie |
| **Lede Nuus:** | Lief en Leed | | Finansiële state |
| | Verjaarsdae | | |
| | Nuwe lede / bedankings | **Foto Blad:** | Laaste kamp Groep Foto |
| | Bank Besonderhede | | |


## KAMP NUUS


### Vorige Kamp – Soetdoring

Soetdoring

- Dit was 'n heerlike warm naweek. Almal het vinnig tuis gevoel op hulle staanplekke.
- Dit was ook net die kinders, Hekkie en Pierre wat braaf genoeg was om te gaan swem.
- Die Kampkommandante het hulleself goed van hul taak gekwyt en gesorg vir 'n lekker bederf aan elke kamper. Die hoesmedisyne was natuurlik baie welkom, ons het vinnig die A-B-C's vervang met O-B-S!
- Saterdag oggend het die Kampkommandante begin met 'n ysbreker van links na regs, of is nou van regs na links...... Baie geluk aan Hannes wat die pakkie gewen het.
- Saterdag middag het al die verjaarsdag maatjies gesorg vir koek en tee, daar was genoeg vir die hele oord, dankie aan almal wat bygedra het.
- Die geselligheid Saterdag aand het gesorg dat die lagspiere weer goed geoefen bly.
- Dankie aan die Kampkommandante vir al die reelings en Boekevat.

### Kamp Boetes & Sterretjies

*Dankie vir elke 'stoute' & 'soet' lid se bydrae aan Zuurfontein se fondsinsameling. Boetes is beperk teen 1 boete per karavaan @ R10 elk*



Zuurfontein se kampkommandante: Pieter & Roelien Duvenhage het die boetes waargeneem

**Die volgende Boetes was toegeken:**

- Carel – hy skreeu vir Elize sy moet gou na die "trop" kom kyk, sy storm by die karavaan uit met groot verwagting net om te hoor dat Carel na 'n "Trop Bome" in die veld verwys.
- Flip – wat vir Pierre verlei deur 'n bottel rum te sponser
- Leigh, Tannie Corrie en Hannes – Oom Ernie reken hulle het die Bulle se nederlaag sleg ervaar
- Louis – verkies om duiwe te gaan vlieg as om te kamp, waar is jou prioriteite?
- Louis – hy trek eers 'n Bulle trui aan en as die oposisie wen, trek hy vinnig 'n Lions trui aan. Draadsitter!
- Willie – het heel naweek geblaf (gehoes) nie gepraat nie
- Hekkie – slaan kamp op verkeerde plek en dan raas hy met die oord se personeel daaroor
- Pieter – Zeno reken jy is 'n treurige kampkommandant om voor 10 saans in die bed te gaan wegkruip, ou kampers kuier tot na 1 soggens.
- Flip – Die Kampkommandante dink dis onaanvaarbaar dat hy sy kind en vrou by die skoonouers gaan aflaai en alleen kom kamp, kastig omdat dit te koud is die naweek.
- Andre – Rene reken die arme Nicol se bene gaan dit nooit hou as jy die hele tyd op haar skoot gaan sit nie, sy is kleiner as jy.
- Hekkie – Jou nig kyk ook na ander se gesondheid, die arme Pierre se hart het amper gaan staan toe julle hom skrik gemaak het met die "skokstok" toe hy oor die boula wou "leeuloop"
- Pierre – Elize is moeg dat Pierre se cholestrol probleem nou ook haar probleem is want sy moet ook nou gesond eet!




**Die volgende Sterre was toegeken:**

- Leigh – Elize dink jy het ware sportmansgees gewys deur saam haar 'n shooter te drink op haar Lions se oorwinning oor die Bulle.
- Hennes – Elize dink jy het ware sportmansgees gewys deur haar spesifiek te kom gelukwens met haar Lios se oorwinning oor die Bulle.
- Pierre – die Kampkommandante gee toekeninnings waar dit nodig is, baie trots dat jy so gedissiplineerd jou dieet volg – gee hom nog 'n yogart.

**SAWA Zuurfontein Bestuur:**

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | Ernie Janse Van Rensburg | 072 134 6024 |
| Onder-Voorsitter | Hekkie de Beer | 082 561 1621 |
| Sekretaresse & Redaksie | Isstel Broekman | 082 877 7820 |
| Penningmeester | Anita Kruger | 082 857 6657 |
| Ass Penningmeester | Alet Small | 082 490 5296 |
| Batehouer | Pierre Coetzee | 083 327 4134 |
| Ledebelang | Hannes Roets | |
| Ledebelang | Koenraad Stoltz | |

## Kamp reëlings vir 2014

*Graag wil ons belangrike inligting deurgee vir die volgende paar kampe en vra lede se insette asseblief*

- **13 – 16 Junie = Warmbad vir Gebied Saamtrek (Lang naweek = 3 nagte)**
  - Alle reelings aangaande die Gebiedskamp is reeds afgehandel.
  - Daar is 14 staanplekke bespreek.
- **1 – 3 Augustus – Geheime Kamp te Brits (die kamp is met een naweek aangeskuif)**
  - Ons besoek 'n nuwe oord in Brits. Die oord is **Bosveld Oase**.
  - Kostes veloop R650 vir die naweek
  - Volle besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word.
  - Gaan lees gerus op oor die plek, daar was laasmaand reeds 'n artikel oor die oord in Wegsleep.
- **22 – 24 Augustus – Bosfontein (AJV) te Bela-Bela**
  - Kampkostes beloop R660 per staanplek.
  - Die kamp sal ook die Algemene Jaarvergadering Wees.
- **19 – 24 September – Klipdraai te Meyerton**
  - Kampkostes beloop R250 per nag.
  - Staanplekke is per gesin, geen deel van staanplekke toegelaat
- **24 – 26 Oktober – Klein Paradys (Kersfunksie) te Brits**
  - Kampkostes beloop R615 per staanplek.
  - Zuurfontein bestuur sal sorg vir 'n smaaklike ete
- **21 – 23 November – Barham Bay te Witbank**
  - Kampkostes beloop R540 per staanplek.
  - Geen Tolhekke of e-toll ☺

## LEDE NUUS

### Lief en Leed

*Laat asb 'n lid van bestuur weet van enige Lief & Leed:*



- **Ouma Westcott –** Dit gaan goed met Ouma Westcott onder die omstandighede. Hulle het nou 'n voltydse verpleeg oor haar wat toesien dat Ouma gemaklik is.
- **Tannie Corrie** – Het operasie op haar oë gehad. Die operasie was ongelukkig nie suksesvol, sy is tans onder 'n ander dokter se behandeling en sal weer 'n operasie moet kry binnekort
- **Paolatjie** – moet al 4 verstandtande laat verwyder en nog 'n tand wat in die verhemelte vassit.
- **Mandy** – Het haar Vader afgestaan die maand, ons innige meegevoel vir julle verlies
- **Rene** – haar Moeder is sieklik, ons wens haar 'n spoedige beterskap
- **ALLE Lede –** Daar is baie lede wat tans worstel met hulle gesondheid, persoonlike of werksprobleme. Julle is deurentyd in die Zuurfontein-Familie se gebede.
- **Skoolgaande Kinders –** Baie sterkte met die half-jaar eksamens wat binnekort begin.

### Verjaarsdae – Mei & Junie 2014

*Hartlike verjaarsdag wense aan die volgende lede*




- 2 – Magda Botha
- 9 - Leigh van der Merwe
- 10 – Bennie de Beer
- 12 – Elaine van Dyk
- 13 – Riaan Botha
- 25 – Petro Swanepoel
- 5 – Lorriane de Beer
- 6 – Ryna Botha
- 14 – Pieter Duvenhage
- 15 – Stoffel Greyling
- 16 – MC de Klerk
- 18 – Darien Small
- 22 – Hekkie de Beer
- 27 – Charmain de Klerk
- 27 – Phillip Bailey

### Nuwe Lede / Bedankings

*Ons verwelkom nuwe lede by die Zuurfontein familie en wens hulle vele kamp plesier*




- Ons het een nuwe aansoeke of bedankings ontvang gedurende April / Mei maand nie.

**_SAWA Zuurfontein Bestuur:_**

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | Ernie Janse Van Rensburg | 072 134 6024 |
| Onder-Voorsitter | Hekkie de Beer | 082 561 1621 |
| Sekretaresse & Redaksie | Isstel Broekman | 082 877 7820 |
| Penningmeester | Anita Kruger | 082 857 6657 |
| Ass Penningmeester | Alet Small | 082 490 5296 |
| Batehouer | Pierre Coetzee | 083 327 4134 |
| Ledebelang | Hannes Roets | |
| Ledebelang | Koenraad Stoltz | |

**Bank Besonderhede**

*Alle kampgelde moet asb verkieslik per internet oorbetaal word*



- Stuur bewys van betalings na Anita Kruger per e-pos na Anita@Oreport.com
- Betalings moet asseblief gemaak word na

**SAWA Zuurfontein**
**ABSA Bank**
**Rekening # 260174738**
**Takkode – 632005**
**Verwysing – Naam en van**

## ALGEMEEN

**Zuurklontjie Maandelikse Nuusbrief**



- Die Zuurklontjie is 'n maandelikse nuusbrief om lede deurentyd bewus te maak van gebeurtenisse in ons Streek asook die Gebied.
- Indien daar enige nuus is wat lede graag wil sien op die maandelikse Zuurklontjie, kontak asb vir Isstel by cbroekman@vodamail.co.za

**Fondsinsameling**



- Die kompetisie is geloots op Marula kamp vir die boula @ R20 per kaartjie
- Lede kan die lootjie vorms by Alet Small kry
- Die trekking sal plaasvind op die AJV in Augustus 2014.

**Volgende Bestuursvergadering**



- 3 Junie 2014 @ 19h00 by Oom Ernie se huis.
- Lede is welkom om die vergadering by te woon, bevestig asseblief teenwoordigheid met Isstel.

**Advertensie Hoekie**




**Woonstel te huur in Birchleigh:**

2 slaapkamer; Kombinasie kombuis sitkamer, een badkamer, eie erf met braaiplek.
Rustige woonbuurt, naby skole, kerke en inkopie sentrum in Birchleigh.
Voor af betaalde krag en gas stoof.
Onmiddelik beskikbaar R3700.00 per maand ideal vir beginners.
Kontak vir Hein by 083 280 9221

**Finansieële state**



- Die finansieële state sal beskikbaar wees op elke kamp by Anita of Alet indien enige lid dit wil nagaan. Rig asseblief enige navrae direk aan hulle oor Zuurfontein se fondse en waarvoor dit aangewend word.

**KAMP GROETE**

***SAWA Zuurfontein Bestuur:***

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | Ernie Janse Van Rensburg | 072 134 6024 |
| Onder-Voorsitter | Hekkie de Beer | 082 561 1621 |
| Sekretaresse & Redaksie | Isstel Broekman | 082 877 7820 |
| Penningmeester | Anita Kruger | 082 857 6657 |
| Ass Penningmeester | Alet Small | 082 490 5296 |
| Batehouer | Pierre Coetzee | 083 327 4134 |
| Ledebelang | Hannes Roets | |
| Ledebelang | Koenraad Stoltz | |


## FOTO BLAD

- Sluit gerus aan by ons "**SAWA Zuurfontein**" Groep Blad op Facebook.
- Alle kamp-foto's van lede wat kampe bywoon kan op die groep-blad geplaas word.

Zuurfontein Kampgroep te Soetdoring



Soetdoring Kampkommandante: Pieter & Roelien Duvenhage

